

# Storms en aanbidding

Karl Holz



37 En ‘n groot stormwind het opgekom, en die
golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol
wou word. 38 Maar Hy was agter op die skuit
aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom
wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee
U nie om dat ons vergaan nie? 39 En Hy het
opgestaan en die wind bestraf en vir die see
gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê,
en daar het ‘n groot stilte gekom. 40 Toe sê Hy
vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het
julle dan geen geloof nie? 41 En ‘n groot vrees
het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar
gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die
see Hom gehoorsaam is! Mark 4:37-41 ESV



11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar
was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem
Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in
geregtigheid. 12 En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en
op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat
geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
13 En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed
gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. 14
En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit
perde, bekleed met wit en rein fyn linne. 15 En uit sy
mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies
daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf
regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die
grimmigheid en van die toorn van God, die
Almagtige. 16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup
die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die
konings en die Here van die here. Openbaring 19:11-
16



The storms in our lives are not always caused by the devil. When God brings a storm it is to teach us things that we cannot learn any other place. Ultimately, a storm's purpose is to reveal to us the most important truth – that God is in control and that we are not. Corne Bekker

"The purpose of the storm is not to focus on the storm, but to see God in the storm. In the midst of the storm we need to ask this question: 'who is this God?' The storm reveals the greatness of our God."  Corne Bekker



1 En Moses het die kleinvee opgepas van sy
skoonvader Jetro, die priester van Mídian. En
toe hy die kleinvee agter die woestyn gedryf
het, kom hy by die berg van God, by Horeb. 2
Daarop verskyn die Engel van die HERE aan
hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. En toe hy
weer sien, brand die doringbos in die vuur,
maar die doringbos word nie verteer nie! 3 En
Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie
groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos
nie verbrand nie. 4 Toe die HERE sien dat hy
nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die
doringbos en sê: Moses, Moses! En hy
antwoord: Hier is ek. Exodus 3:1-4